ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
November 2025 (105)

# ELDOGROEP

Die Eldogroep is ‘n privaat gespreksgroep op WhatsApp. Dit is gestig in Junie 2017 deur Eddie Otte en is tweerigting kommunikasie. Inwoners kan boodskappe plaas en ander inwoners kan daarop reageer. Dit dien as voordeel of hulp vir die inwoners van die landgoed.

**Die DOEL is om inligting te versprei waarby lede ‘n belang het** en sluit in kennisgewings oor water-en kragonderbrekings; iemand wat iets wil adverteer vir verkope of weggee, bv koekies, gras wat uitgehaal is, plante, klere, rolstoel, woonstel te huur, sleutel wat verloor is, raad vra tov elektroniese probleme ens.
‘n Foto van die spesifieke item is belangrik en daarom welkom, met die prys daarby.

Die hele idee is om ons lede van diens te wees en nie te irriteer nie. **Daarom geen sinnelose boodskappies of videos nie**-GEEN GOEIEMORE, LEKKER SLAPIES! Geen soetsappige/ emosionele boodskappies nie. Geen politieke of godsdienstige ideologie nie. Die prentjies en videos gebruik en mors data en lede voel sterk daaroor. Geen boodskappe tussen 20h00 en 07h00 nie-die mense slaap dan! As jy nie van hierdie reëls hou nie, verlaat hierdie groep dan en sluit aan by ‘n sosiale groep.

**DIT IS NIE ‘n SOSIALE KUIER/KLETSGROEP NIE** en is hoofsaaklik bedoel vir geskrewe teks. As jy nie verstaan wat in hierdie groep toelaatbaar is nie, vra jou buurman om vir jou te verduidelik!     (Redakteur)

## NUWE INTREKKERS

'n Hartlike welkom deur die HEV. Navrae: kontak asb ontvangs.

117 Gerrit en Jennie Lok
124 Joan Collier
1232 Martin en Joey Venter
1304 Alan en Kay de Jongh
1302 en ook Charmaine v Zyl
2 Dan Donoghue (vanaf 1
1117 Sarah v Blerk (vanaf 1123
1123 Koba Gerber (vanaf 1304
1210 Ria Pretorius (vanaf 1117

## NEW RESIDENTS

A warm welcome from the HOA to all the new residents. For any enquiries, please contact reception.

## STERFTE

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

169 Daniel Westmore 23 Sept

## DEATH

Condolences from the HOA to the family of the above-mentioned resident.






## BUS SERVICE

**TUESDAYS TO SPAR**
**10h00-11h00 R10**
**THURSDAYS TO MALL@REDS**
**09h00-12h00 R20**

The bus operates at a first come, first serve basis and departs from the Service Centre.
A ticket must be purchased in advance by card only, no cash accepted.
On the morning of departure your ticket will be punched for your trip.

## BRIEF AAN DIE REDAKTEUR

Etlike jare gelede het ‵n vorige inwoner met haar vertrek, haar klavier aan die landgoed nagelaat, blykbaar as ‵n geskenk. Met verloop van tyd het ‵n gewillige begeleier na vore gekom, en het die sanggroep spontaan ontstaan, wat tans floreer.

Elke Dinsdagmiddag kom ongeveer 30 entoesiastiese sangers byeen, wat onder begeleiding van die bekwame Elize Bailey, lustig saamsing. Die lede van die sanggroep beleef hierdie samesang as die hoogtepunt van hulle weeklikse program. Vir sommige lede is dit bykans die enigste geleentheid om hulle eenhede te verlaat en sosiaal te verkeer, nuwe vriende te maak en gevestigde vriendekringe te versterk.

Met tyd het die klavier egter nie meer goed gefunksioneer nie, en die vals note het nie net vir Elize aan bande gelệ nie, maar selfs die sangers se gees gedemp. Aangesien dit ‵n geskenk was, het die landgoed dit dus só aanvaar. Verskeie individue het oor tyd gepoog om goedkeuring te verkry om die klavier te herstel, sonder enige sukses.

Na die aanstelling van die nuwe algemene bestuurder in Februarie 2025, het sy ‵n gewillige oor verleen vir die pleidooie en onderneem om werk te maak daarvan. Dit was ‵n heuglike dag toe Chantelle die blye tyding aan die sanggroep oorgedra het, dat befondsing verkry is vir die totale herstel van die klavier, en vir die HEV se goedgekeuring dat hulle in die toekoms verantwoordelik sal wees vir die onderhoud daarvan. Chantelle, baie dankie vir jou aandeel aan die herstel van die klavier.

Die effek van die klavier se totale herstel tot sy vorige glorie, kan nou weer Dinsdae sig-en hoorbaar beleef word tydens die sanggroep se samesyn. Elize was uitbundig toe sy dit deur sy volle toonwydte gespeel het en die sanggroep het gedreunsang van genot.

Ons, as sanggroep, wil die HEV en Direksie van harte bedank vir hulle positiewe bydrae om die inwoners se belange op hierdie toepaslike wyse op die hart te dra. Julle optrede stel ons in staat om die sanggroep se eiesoortige behoeftes aan te spreek en op ‵n heuglike wyse te bevredig.

CASPER LATEN-Sameroeper Eldoraigne Sanggroep

## POLISSE EN JOU BOEDEL

### 1.Begrafnispolis

Daar word aanbeveel dat jy jou begrafnispolis uit jou boedel hou. As jy lid is van 'n werkgewer-aftreefonds en daar is 'n begrafnisvoordeel aan verbonde, word hierdie begrafnisvoordeel by jou afsterwe as 'n geagte bate in jou boedel ingebring en vatbaar vir boedel belasting. Selfs al het jy die polis aan iemand begunstig.

Boedels kan lank neem om afgehandel te word en jy moet intussen begrawe word. Maak dus onmiddellik seker by jou aftreefonds en wys 'n begunstigde aan op jou begrafnispolis. Die waarde maak nog steeds deel uit van jou boedel, maar die geld word dadelik uitbetaal aan die begunstigde.

### 2.Lewenspolisse

'n Lewenspolis word nie uitgeneem vir jou onthalwe nie, maar om iemand anders te bevoordeel. Dit is meestal om jou finansiële verpligtinge, wat jy in die lewe aangegaan het, na te kom, of om byvoorbeeld 'n naasbestaande te versorg.

As jou lewenspolis nie aan iemand begunstig is nie, sal jou testament bepaal hoe daar met polisgeld gehandel word. Die opbrengs van die polis word nog steeds as 'n geagte bate beskou in jou boedel en onderwerp aan boedelbelasting, maar die geld word dadelik uitbetaal aan die begunstigde.

Jy kan ook jou lewenspolis aan die boedel as begunstigde bemaak, want baie keer kan boedels nie afgehandel word nie, omdat daar nie genoeg kontant in die boedel is nie. Die gevolg is dan dat ander bates wat na erfgename moes gaan, verkoop moet word om boedelverpligtinge na te kom. Indien jou lewenspolis na jou boedel gaan, is dit onderworpe aan die eksekuteurstarief, omdat hy daarmee moet werk.

'n Lewenspolis is 'n kontrak tussen jou en die versekeraar. Indien jy die bepalinge rondom die begunstigde wil verander, moet dit terwyl jy nog lewe, by die versekeraar gedoen word; jy kan dit nie in jou testament probeer verander nie.
(Nico van Gijsen,belastingpraktisyn en besturende direkteur van Finlac)

# KERMIS 2025

Gelukkige trekking Helga huis 74






















Asma Omar
Physiotherapy
KEEPING YOU MOVING!
CONTACT

Assisted Living







CSi
Trustworthy Property Solutions
(011) 805 6316
www.csi-euf.co.za

FAMILIES
ARE FOREVER




Trustworthy Property Solutions
011 805 6316 · www.csi-euf.co.za





SLUSHIES
slushiesonthemove@gmail.com
SLUSHIES
slushiesonthemove@gmail.com
072 744 7045 / 083 384 3374


XEROX
FNB




spektrum






R180





## ...EN TOE BAKLEI ONS...

Een jaar koop ek vir my skoonma 'n plekkie in die begraafplaas vir haar verjaardag. Die volgende jaar koop ek niks. Toe sy wil weet waar is haar geskenk, toe sệ ek vir haar: "maar ma het dan nog nie eens laasjaar s'n gebruik nie." ...en toe baklei ons.

Ek vat my vrou Spur toe. Die kelner vra wat ek te ete wil hệ. "Ek sal rump steak neem, asseblief." Hy vra of ek nie vir malkoei bang is nie. "Nee, sy kan self-vir haar bestel wat sy wil hệ." en toe baklei ons.

By ons Hoërskool reunie kyk my vrou kort-kort vir 'n dronk ou wat alleen by 'n tafel sit en drink. "Ken jy hom?" vra ek. "Ja", sug sy. "Hy was my ou kệrel. Hy het blykbaar begin drink net nadat ons destyds uitmekaar is, en hy het sedertdien nog nie opgehou nie." "Magtig!!" sệ ek, "Wie sou nou kon dink dat hy dit so lank sou vier!!" ...en toe baklei ons.

Toe ons grassnyer breek, hou my vrou aan kerm en kla dat ek die ding moet laat regmaak. Maar ek is 'n besige man en daar is net altyd belangriker dinge om te doen. Soos rugby en krieket op die TV. My boot wat reggemaak moet word, visvang ens. Tot sy eendag slim word en probeer om haar punt te maak. Toe ek by die huis kom is sy besig om die gras met haar kombuisskệr te knip. Ek het lank na die poging staan en kyk. Toe gaan haal ek maar 'n tandeborsel en sệ vir haar: "As jy klaar is, kan jy sommer die oprit ook vee. **Die dokter sệ ek sal weer kan loop, maar gaan 'n permanente waggel in my stappie hệ.**

Ek staan Saterdagoggend vroeg op. Ek wil gaan visvang, maar toe ek uit die garage ry sous dit behoorlik. Ek sit die motorradio aan en hoor op die weervoorspelling dat dit die hele naweek gaan reën. Ek sluip toe maar terug in die huis in, kruip styf agter mammie se blad in en fluister: "Die weer is bitter sleg daar buite ""Ja" antwoord sy, en om te dink my simpel man het in dié weer gaan visvang" ...en toe baklei ons.

My vrou skimp dat sy iets blink, wat 0 tot 200 in 3 sekondes haal, vir ons huweliksherdenking wil hệ...toe koop ek vir haar 'n badkamerskaal en toe baklei ons.

(Ingestuur deur CM)

## “LOST IN TRANSLATION”

AI-powered **translation tools** (such as Quill Bot’s Translator Tool or Word vice) use machine learning and natural language processing (NLP) to automatically translate text or speech from one language to another. These tools leverage large language models (LLMs) and neural networks to understand context, tone and nuances, resulting in more accurate and natural sounding translations.

**BUT**, AI translations aren’t 100% accurate. It lacks accuracy, especially in sentences that contain complex structures or specialized terminology. It lacks cultural understanding and the ability to contextualize meaning. Consequently, often misinterprets idioms and metaphors. Misinterpretations can occur when the context is not properly understood or when the ambiguity of words cannot be addressed. Linguistic accuracy is essential

AI-powered **grammar checkers** can help identify and correct grammar, spelling and punctuation errors in texts. They use algorithms trained on vast amounts of data to learn language patterns and suggest improvements. Some popular options include Grammarly, Language Tool and Quill Bot.

**LIMITATIONS** OF AI grammar checkers:

-**Context understanding**: While AI has improved, it may not always understand the context of your writing, leading to incorrect suggestions.

-**Human oversight**: It is still important to proofread and review changes made by AI, as they may not always be accurate or appropriate.

-**Not a replacement** for Human editing: AI grammar checker tools can be a helpful tool, but they should not be used as a substitute for careful editing and proofreading. AI responses may include mistakes.

Be very careful when using Google Translate to translate words or texts from English to Afrikaans. When translating a word **out of context**, you can get funny translations like: compassionate to meegevoelende).

Educational institutions are now struggling with the legitimacy of the concept of students using AI to write and/or translate their assignments.

(science.co.jp; ResearchGate)

## MICROBEADS

Plastics have become one of the most widely used materials in modern times because of the development of new synthetic chemicals and the engineering capabilities of **mass production**. Plastics are also regarded as the **fastest-growing** cause of environmental pollution.

Microbeads are tiny plastic particles, typically under 5mm in size, added to cosmetics and personal care items for the abrasive or exfoliating properties. The National Environmental Management Act, targets the production, sale, import and export of these microbeads, which are often use for exfoliation and can contaminate water and ecosystems. Draft regulations were published in August 2025 by the Minister of Forestry, Fisheries and Environment to ban microbeads.
This includes a 24-month phase-out period for existing stock and penalties for non-compliance. Many cosmetic companies are already developing and using alternative exfoliating and texturizing ingredients, such as natural exfoliants e.g. ground nuts, seeds, or fruit pits, silica or cellulose beads which are biodegradable and less harmful to the environment.

The microbeads, once washed down drains, are too small to be filtered out by waste water treatment plants and end up polluting rivers, lakes and oceans. They do not biodegrade and can persist in the environment, accumulate toxins, and potentially harm marine life and enter the human food chain. It has a potential for inflammation and oxidative stress, which can contribute to various health issues; increased risk of cardiovascular diseases; possible impact on reproductive health.

How do you recognize microbeads in cosmetics?
All exfoliating products contain tiny beads or granules that help to remove dead skin cells. It is found in soaps, body scrubs, toothpaste, shower gel, mascara, foundations, powders, concealers, eye shadows, eye pencils, eyeliners, lip care, deodorants, sun care, hair care, dry shampoo etc.)
Many companies clearly list the term “microbeads” on the front label. You can also check the ingredients list to see if the product contains microbeads, or look for the word “polyethylene” which is another term for plastic.
(Microplastics in the environment: J Hazard Mater) (AI generated)

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

# PROPERTY
# RENTALS & SALES

Eldoraigne Retirement Estate

## Properties FOR SALE - 060 018 7679

-2 Bed, 1 Bath **Simplex** with x1 garage- **R1995 000**

-2 Bed, 2 Bath **Simplex** with store room, x1 garage-**R2100 000**

- 1 Bed, 1 Bath **Apartment** with x1 carport- **R1020 000**

## Properties FOR RENT - 060 017 5949

-2 Bed, 1 Bath **Apartment** with x1 carport-**R9500pm**

-2 Bed, 1.5 Bath **Simplex** with x1 garage-**R13000pm**

